

# Voeding- en Bestuurspraktyke vir Suiwel Koeie tydens die Winter

(Geskryf deur: Steyn Pretorius, Diervoedingskundige, Wesfed voere) April 2015

**S**uiwel koeie se nutriënt behoeftes verander aansienlik vanaf somer tot winter. Droë materiaal innames het 'n tendens om te verhoog soos dit winter raak en daarom is dit belangrik om die rantsoen aan te pas volgens die koei se verhoogde nutriënt behoeftes. Die voeding van voldoende goeie kwaliteit ruvoer, proteïen en energie is belangrike aspekte vir 'n gebalanseerde rantsoen.

Soos hierbo genoem verhoog die droë materiaal inname redelik soos temperature daal. Dit is krities om seker te maak dat daar sorgvuldige voer beskikbaar is om aan die hoër innames te voldoen. Dit is uiters belangrik om die energie digtheid van die rantsoen te monitor sodat die koei in 'n positiewe energie balans gehou kan word.

Hitte is 'n by-produk afkomstig van metaboliese prosesse in die spysverteringskanaal. Hierdie "by-produk" is afkomstig van prosesse soos fermentasie, vertering, en nutriënt metabolisme. Die potensiële hitte produksie wat sekere roumateriale kan produseer staan bekend as die hitte inkrement van daardie rou materiaal. Faktore kan ook die hitte inkrement beïnvloed soos byvoorbeeld, die droë materiaal inname, die nutriënt balans en die verskillende roumateriale in die rantsoen. Ruvoere is geneig om 'n hoër hitte inkrement te hê as grane. Vette het 'n laer hitte inkrement as stysels en proteïene. Die Hitte inkrement kan verhoog

word in die rantsoen tydens winters deur die energie opname te verhoog in die spysverterings kanaal. Dit kan gedoen word deur die prosessering van roumateriale (b.v. gemaalde mielies) en om die deurvloei waarde te verlaag.

Sekere bestuurspraktyke kan ook help om die gesondheid en algemene melkproduksie te handhaaf tydens die koue winters maande.

'n Melk koei se termo neutrale sone strek vanaf 5 tot 25 grade celsius. Temperature buite hierdie perke kan drastiese effekte op die koei se gesondheid, kondisie telling en melk produksie hê. Sodra die temperature onder die kritiese perk van 5°C val, verhoog die onderhouds behoeftes van die koei aansienlik. Daarom moet daar voorsorg maatreëls getref word om aan die behoeftes te voldoen. Een van die belangrike aspekte om in ag te neem is om die koei in 'n positiewe energie balans te hou. Dit kan verkry word deur die energie digtheid van die rantsoen aan te pas.


Dit is belangrik om die meerderheid van die kudde op 'n goeie kondisie te behou voor dit winter raak. Dit sal help in terme van energie reserwes wat benut kan word tydens die koue maande in plaas daarvan om die energie behoeftes van 'n lakterende koei te probeer aanvul net deur voeding tydens koue stres. Monitor die kudde en neem kondisie tellings gereeld voor enige rantsoen veranderinge

gemaak word. As daar 'n verandering gemaak moet word kan daar geskoop word aan die energie komponent van die rantsoen. Onder kondisie koeie se reproduktiwiteit en algemene gesondheid word geaffekteer en kan die langslendigheid van die koeie belemmer.

Die nat koue toestande wat heers in die Wes-Kaap tydens winter is geneig om gemiddelde melk produksie te laat daal. Dit kan toegeskryf word aan die bogenoemde faktore waar algemene koei gemak negatief beïnvloed word. Daar is verskeie maniere wat melk produksie en algehele koei gesondheid gehandhaaf kan word. Behuising is net een van die verskeie bestuurspraktyke wat geïmplimenter kan word om jou kudde in 'n konstante, gekontroleerde omgewing te plaas. Behuising bring 'n meer konstante algehele jaarlikse melk opbrengs na vore omdat die kudde nie so uitgelewer aan die natuurlike elemente is nie. Maak seker dat bedding droog en goeie diepte toon sodat koeie nie ongemaklik lê nie. Al is dit koud is dit nogtans belangrik om goeie ventelasie deur die behuising te hê. Beskerm koeie teen reën en

wind om gemak en gesondheid te verbeter. Dit is weereens belangrik om die sorgvuldige voeding en gemak te verseker tydens koue. Ekstensiewe proewe toon dat beligting tydens kort winter dae melk produksie kan verhoog.

### Slot

Met die regte bestuur en voedingspraktyke kan verliese tydens wintertyd aansienlik verminder word. As kudde gesondheid, algemene gemak en kudde kondisie reg bestuur word kan produksie en opbrengste konstant gehou word. 

Email: [steyn@wesfed.co.za](mailto:steyn@wesfed.co.za)

Website: <http://www.wesfed.co.za/>

Cell: +27 72 444 2062

Work: +27 22 433 4706

Moorreesburg

7310